

# Oorwintering van wolskape in die somerreënvalstreke van Suid-Afrika

– vervang kleingrane op droëlande met weimielies

JACQUES JANSEN VAN VUUREN en LOUIS DU PISANI, Nasionale Wolkwekersvereniging

**K**leingrane soos hawer, koring, korog en rog word jaarliks op groot skaal op droëlande in die somerreënvalstreke van Suid-Afrika aangeplant, veral vir die oorwintering van lammerooie. Kleingrane verskaf goeie voer vir lammerooie, maar dit het egter twee probleme. Daar is 'n groot risiko dat dit nie voldoende hoeveelhede voer gaan verskaf nie en dit is duur om te verbou.

Die meeste produsente se ervaring met weimielies is dat "misoeste" die reël eerder as die uitsondering is. Een manier om dit teë te werk, is om soveel hektare as moontlik aan te plant, maar dit stoot weer die koste op.

'n Ander alternatief is om gewasse aan te plant wat in die somer groei (wanneer dit reën), waarvan die beskikbare weiding net so op die land bly staan en dan in die winter in die vorm van staande hooi bewei word. Dit sluit gewasse soos lusern, Smutsvingergras, borseltjiegras en mielies in.

'n Ander alternatief is om, in plaas daarvan om die voer in die vorm van staande hooi te gebruik, dit óf in te kuil óf te hooi. Dit sluit gewasse soos lusern, armmanslusern, Smutsvinger- en oulandsgras asook mielies en ander somergrane in.

## Weimielies as staande hooi

Die praktyk waar mielies geplant word vir gebruik deur skape as staande hooi, of weimielies, word al vir baie jare lank toegepas. As weimielies so doeltreffend as moontlik deur skape benut word en probleme soos suurpens beperk kan word, is dit 'n relatiewe goedkoop weidingsbron waarop talle skape kan wei. Speenlammers kan goed op weimielies afgerond word en dit is ook geskik vir lakterende ooie en vervangingsooie.

## Watter kultivar?

Daar is geen spesifieke kultivaraanbeveling nie, hoewel dit duidelik is dat die beste graanopbrengs ook die beste weikapasiteit gaan lewer. Die kultivar wat vir graan- of kuilvoerproduksie in die spesifieke omgewing aanbeveel word, behoort dus ook geskik te wees vir mielie staande hooi. Meer proewe sal nog gedoen moet word om die verskil tussen konvensionele of GM-mieliekultivars as weimielies te toets.

Die skape begin eers aan die koppe wat op die grond lê te vreet, dan koppe aan die plant wat hulle kan bykom en laastens stoot hulle die plant om, om die oorblywende koppe te vreet. Die hoogte van die koppe op die plant maak dus nie saak nie.

## Risiko's

Suurpens (asidose) bly die grootste enkele risiko en grootskaalse vrektes kan voorkom waar skape nie goed aangepas is nie. Diere wat suurpens oorleef se produksie daal skerp.

Diere met asidose word gekenmerk deur 'n opgeblaaide rumen en hulle loop styf. Doseer met twee eetlepels koeksoda wat in 200 ml water opgelos is. Behandel daarna ook voorkomend vir pasteurella en hou in gedagte dat voerkalk slegs 'n kalsiumbron is en nie 'n buffer is teen asidose nie.

Die voorsiening van grashooi van goeie gehalte om die ruvoerinname te verhoog asook die voorsiening van 'n buffer in die vorm van 'n lek, kan gebruik word om suurpens te bekamp. Koeksoda is 'n baie goeie buffer teen suurpens.

Lammers wat nie mielies ken nie, neem tot drie weke lank om mielies te leer vreet. Aanvanklik wil die lammers glad nie die mielies vreet

TABEL 1: GELYKMATIGE AANPASSINGS OP WEIMIELIES.

DAG	HEELMIELIES OF MIELIEKOPPE (GRAM/KVE*/DAG)	BEPERKTE WEITYD/DAG
1 - 2	200	15 min
3 - 4	300	30 min
5 - 6	400	45 min
7 - 8	500	60 min
9 - 10	600	1 uur 15 min
11 - 12	700	1 uur 30 min
13 - 14	800	1 uur 45 min
15	Jaag in lande	Heeltydse beweiding

\* KVE is 'n kleinvee-eenheid wat 45 kg - 50 kg weeg

## Oorwintering van wolskape

nie en dan ewe skielik ná sewe tot 14 dae begin hulle sterk wei en kry suurpens. Lammers wat lakseer is geweldig vatbaar vir brommeraanvalle. Dit bly 'n probleem tot en met die eerste strawwe ryp.

### Ander probleme

Die minerale is nie gebalanseerd nie en 'n oormaat fosfor gee aanleiding tot die vorming van blaasstene by hamels en ramme, veral as hulle langer as 75 dae op die weimielies loop.

Mielies se proteïenwaarde is laag en op die meeste lande is daar 'n tekort aan sink, mangaan, selenium en koper. Veral vir lammerooie is die proteïenwaarde te laag en dan kry 'n mens baie boepenslammers.

Let op vir brommeraanvalle, veral in die herfsmaande.

Waak daarteen dat die graankomponent in die kamp wat bewei word, nie totaal uitgeput raak voordat die diere na 'n nuwe kamp verskuif word nie. Selfs twee dae sonder graan is genoeg om weer suurpens in die nuwe kamp te veroorsaak. Dit is dus raadsaam om ongeveer 80% van die graankomponent te benut en die diere dan aan te skuif. Daardie kamp kan later weer skoongewei of as oesreste deur droë oëie benut word.

### Aanpassing van diere

Aanpassing van die diere kan na gelang van **Tabel 1** plaasvind. Dit is belangrik om te onthou dat aanpassing suurpens nie totaal sal uit-skakel nie, maar dat dit die aantal gevalle en die intensiteit daarvan sal verminder. Die aanpassingsperiode van skape wat mielies ken, kan aansienlik verkort word deur hulle met Lacticon S te doseer.

### Aanvullings op weimielies

Proteïenaanvulling is baie belangrik, veral deurvloei proteïene vir groeiende en lakterende diere. Natuurlike proteïenbronne wat ryk is aan deurvloei proteïene, soos katoensaadoliekoek, brouersgraan en vismeel behoort oorweeg te word.

Lekke wat oorweeg kan word, sluit in Voermol Landelek (V15414) en Molatek se wolskaaplek met 5% koeksoda ingemeng. Albei hierdie lekke word teen 200 g/dier/dag aanbeveel. Landelek kan ook met Procon gemeng word (drie sakke Landelek en een sak Procon) om vir hoër produserende diere te gee.

Spoorelementtekorte – veral mangaan, sink en koper – kom by weimielies voor en moet aangevul word.

### Drakrag

Drakrag is direk gekoppel aan die graanopbrengs (**Tabel 2**). Vir elke 1 ton graan is daar 1 000 kleinveeweidae (45 kg - 50 kg skape). Dit maak voorsiening vir 'n inname van 1 kg mielies/skaap/dag.

**TABEL 2: DIE DRAKRAG VAN WEIMIELIES BY VERSKILLENDE GRAANOPBRENGSTE.**

GRAANOPBRENGS (TON/HA)	DRAKRAG (KVE/HA VIR 60 DAE)
1	15 - 18
2	33 - 35
3	48 - 52
4	64 - 70

'n Graanopbrengs van byvoorbeeld 5 ton/ha se drakrag sal dus ongeveer 55 skape/ha vir 90 dae wees. Drakrag kan verhoog word deur spaarveld aangrensend te wei. Die spaarveld voorsien ook bykomende ruvesel om suurpens te beperk.

### Praktiese wenke vir die bestuur van diere in weimielies

- Lammers moet soos vir 'n voerkraal die nodige inentings gegee word. Inenting teen bloednier en pasteurella is belangrik. Inwendige parasiete (haarwurm en melklintwurm) en uitwendige parasiete kan ook behandel word (brommers en bosluise). Oorinplantate kan ook toegedien word.
- Lekke moet van dag een af gegee word sodat lammers die lek kan leer vreet. Voorsien ten minste 5 cm vreetspasie per lam.
- Skeer lammers twee tot drie weke voor slag om die maksimum voordeel van wolproduksie te benut.
- Om aanpassing te vergemaklik, kan weimielies reeds in die groenmielies stadium bewei word.
- Gebruik die data in Tabel 1 om aanpassing te vergemaklik.
- Die aanpassingsperiode van skape wat mielies ken, kan aansienlik verkort word deur hulle met Lacticon S te doseer.
- 'n Goeie lekinname kan verseker word deur die lekbakke en waterkrippe naby aan mekaar te plaas.
- Monitor lekinname sodat die aanbevole hoeveelheid lek ingeneem word.
- Waterkrippe moet verkieslik twee keer per dag skoongemaak word.
- Skuif skape betyds na 'n vars blok – pitte moet nog sigbaar wees.
- 'n Trop droë diere met 'n laer voedingsbehoefte kan gebruik word om agter die hoë produseerders die land skoon te vreet.
- Aangepaste diere en onaangepaste diere moenie in een trop wei nie.
- Monitor diere vir simptome van suurpens – diere is styf en beweeg moeilik, lakseer, ontwater en die mis ruik suur.
- Siek diere moet onttrek word, met Lacticon S of 'n teensuurmiddel (geaktiveerde houtskool) behandel word. Hierdie diere moet weer aangepas word, voer lusernhooi (goeie ruvoer) en voeg gelykmatig mielies by sodat hulle so gou as moontlik weer op die land teruggeplaas kan word.
- Hou troppe so as klein as moontlik om bestuur te vergemaklik. Ouer diere kan by jonger diere geplaas word om die jonger diere die mielies te leer vreet.

“ As weimielies so doeltreffend as moontlik deur skape benut word en probleme soos suurpens beperk kan word, is dit 'n relatiewe goedkoop weidingsbron waarop talle skape kan wei. ”

SA Graan/Sasol Chemicals (Kunsmis) fotokompetisie



▲ Die praktyk waar mielies geplant word vir gebruik deur skape as staande hooi, of weimielies, word al vir baie jare lank toegepas. As weimielies so doeltreffend as moontlik deur skape benut word en probleme soos suurpens beperk kan word, is dit 'n relatiewe goedkoop weidingsbron waarop talle skape kan wei.

- Spoorelementtekorte, veral mangaan, sink en koper kom by weimielies voor en moet dus aangevul word.
- Weimielies se beweiding kan so vroeg soos net ná die eerste ryp begin. Lammerooie kan vroeër ingejaag word. Hulle sal aan die beskikbare groenmateriaal vreet totdat die graan ryp is. Die diere word dan stelselmatig aan die grane blootgestel (dit verminder suurpens) en die lammers sal ook minder verliese hê. Lammerooie op weimielies toon verhoogde melkproduksie en die lammers sal ook minder speenskok ervaar.
- Sojabone kan in rye saam met die weimielies aangeplant word om die proteïentekorte wat in weimielies voorkom, aan te vul. Dit sal steeds nodig wees om lekkte te verskaf. ■



## SUNNHEMP PLANTATION CONTRACT WANTED!

- We supply seeds and guarantee to buy back all seeds harvested at agreed price.
- Multi-year contract available.
- Less management costs compared to other crops.
- 3 crops per annum possible in most SA regions.
- Much higher profit compared to other commercial crops.
- Average yield of 2 to 2.5 tons of seeds per ha on irrigated fields.
- Fibres can be used for Nitrogen fixation/Green manure/Cattle feeds.
- Ideal crop for field rotation purposes.

IF INTERESTED OR ANY QUERY, PLEASE CONTACT US AT:



### Global Tropical seeds cc

E-Mails: [info@globaltropicalseed.co.za](mailto:info@globaltropicalseed.co.za)  
[rhodesman1999@hotmail.com](mailto:rhodesman1999@hotmail.com)  
[info@billionseller.com](mailto:info@billionseller.com)

Website: [www.globaltropicalseed.co.za](http://www.globaltropicalseed.co.za)  
Mobile: 082-376-9626  
Attn: James TK Kim

Member of

